



Wenk van die Maand

Desember 2020

IS DAAR WERKLIK VERSKILLE TUSSEN BYVOEGMIDDELS?

Villa het oor die afgelope paar jaar gepoog om die korrekte gebruik van byvoegmiddels aan te moedig om sodoende die effektiwiteit en stabiliteit van ons gewasbeskermingsprodukte (GBP) te verhoog. Ons kry egter soms nog terugvoer dat daar geen verskil in GBP effektiwiteit met verskillende byvoegmiddels is nie. Dit is omdat die byvoegmiddel prestasie oor net een of twee toedienings ge-evalueer word. Wanneer produkte vergelyk word, moet ons 'n wyer perspektief oor verskillende toedienings en oor verskeie omgewingstoestande kry. Die rede vir die wanpersepsie dat alle byvoegmiddels dieselfde presteer sal in meer detail hieronder bespreek word.

Die rol van byvoegmiddels

Dit is geweldig belangrik om presies te verstaan wat die rol van 'n byvoegmiddel is, voordat enige verkeerde aannames gemaak word. 'n Byvoegmiddel word gebruik om die GBP by te staan om meer van die potensiaal te bereik. Enige GBP het 'n potensiaal wat dit teoreties kan bereik indien alle omgewingstoestande perfek is. Hierdie potensiaal word natuurlik nooit bereik nie omdat dit onmoontlik is dat alle omgewingstoestande optimaal is. Byvoegmiddels word daarom gebruik sodat dit kan help dat die GBP meer effektief onder ongunstige toestande, waaraan dit dikwels blootgestel word, kan presteer.

Korrekte byvoegmiddel keuse maak 'n verskil

GBP word soms toegedien wanneer die toestande redelik gunstig is. Hierdie toestande sluit hoë humiditeit, warm weer, aktief groeiende plante en aanvaarbare waterkwaliteit in. Onder hierdie toestande kan dit moeilik wees om verskille tussen byvoegmiddels te sien. Die rede daarvoor is dat indien daar baie min beperkende faktore is, daar weinig geleentheid vir die byvoegmiddels is om die GBP by te staan. Dit is onder hierdie toestande wanneer die plaasvervanger produk net so effektief is, dat mense dikwels die

verkeerde aanname maak dat alle byvoegmiddels ewe goed presteer en dat daar geen meriete daarin is om die aanbevole byvoegmiddel te gebruik nie. Dit is 'n baie gevaarlike aanname om te maak omdat dit moeilik is om byvoegmiddel verskille onder optimale toestande waar te neem. Dit is onder swak toestande wanneer hierdie verskille die meeste sigbaar gaan wees. Die effektiwiteit van 'n GBP wat in aparte toedienings met twee byvoegmiddels gespuit word, mag dalk nie betekenisvolle verskille onder optimale toestande wys nie. Wanneer hierdie GBP egter met dieselfde twee byvoegmiddels onder swakker toestande toegedien word, kan die verskil in effektiwiteit geweldig groot wees. Dit is onder hierdie sub-optimale toestande waar die verkeerde byvoegmiddel keuse ontbloeit word. In Suid-Afrika is hierdie sub-optimale toestande ongelukkig die reël eerder as die uitsondering.

Villa se mening

Kwaliteit byvoegmiddels het die grootste voordeel wanneer die GBP aan beperkende faktore blootgestel word. Dit mag dalk moontlik wees om met die verkeerde byvoegmiddel keuse weg te kom as die toestande optimaal is, maar byvoegmiddel verskille sal blootgestel word wanneer daar een of meer beperkende faktore is wat net deur sekere byvoegmiddels aangespreek kan word. Dit is onder hierdie toestande waar klagtes oor die effektiwiteit van die GBP kan ontstaan, terwyl die probleem eintlik die inkorrekte byvoegmiddel keuse is. Dit is belangrik om te besef dat indien die aanbevole byvoegmiddel met 'n ander produk vervang word, die kans vir swak beheer 'n werklikheid word. Wees wys met byvoegmiddel keuse en praat met jou Villa bemarkingsadviseur wanneer jy oor iets twyfel.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za